RAADSBELEID

ONDERWERP : VERGOEDING VIR DIE DIEFSTAL VAN RAADSEIENDOM

VERWYSING : 5.1.6.2

BESLUIT NR : 16.10/03/2003 DATUM : 31 Maart 2003

BELEIDSOOGMERK : Om 'n aanvaarbare finansiële vergoedingstelsel daar te stel vir informante wat meehelp tot die beskerming van Raadseiendom.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Om die publiek by die beskerming van Raadseiendom betrokke te maak.

RIGLYNE

1. 'n Vergoedingstelsel gebaseer op die volgende basis word ingestel vir die verstrekking van informasie wat sal lei tot die inhegtenisneming en skuldigbevinding van persone wat verantwoordelik is vir die diefstal of beskadiging van verbeteringe of eiendom van die Raad.

WAARDE VAN GESTEELDE OF BESKADIGDE EIENDOM	VERGOEDING
Tot R1 000	25 % van waarde
R1 001 tot R3 000	R250 + 20 % van waarde bo R1 000
Bo R 3 000	R650 + 15 % van waarde bo R3 000, tot 'n maksimum van R3 000.

2. Informante word deur bestaande kanale van die SA Polisiedienste hanteer.

3. Die beloning aan informante word per tjek uitbetaal nadat skuldigbevinding plaasgevind het.

4. Vergoeding geskied uit die misdaad voorkomingspos.

5. Die bestaan van die vergoedingstelsel aan informante word van tyd-tot-tyd in die pers en Munisipale nuusbrief bekend gemaak.

6. Rapportering van Elektrisiteitsdiefstal word by die vergoedingstelsel uitgesluit.

PROSEDURE

1. 'n Informant stel enige senior amptenaar van die Munisipaliteit in kennis van 'n beweerde voorval van vandalisme of diefstal en verskaf die nodige informasie.

2. Die betrokke Direkteur onder wie se departement die aangeleentheid resorteer, ondersoek die voorval.

3. ‘n Saak word by die SA Polisiedienste aanhangig gemaak.

4. Die betrokke Direkteur van die Direktoraat waarin die diefstal of beskadiging plaasgevind het, bepaal die waarde van die gesteelde of beskadigde eiendom.

5. ‘n Beloning bereken volgens bostaande tabel word slegs uitbetaal nadat skuldigbevinding plaasgevind het.

ROLLE

Die Munisipale Bestuurder, Direkteure, Sekuriteitsafdeling en Hoof Finansies.

VERWANTE BELEID

Bedrog en Teenkorrupsiebeleid.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband, herroep word.